HOËRSKOOL STRAND

**WAAR JONG ARENDE SWEEF!**

# ARENDNUUS 7 - AUGUSTUS 2022

## TOP 10-AKADEMIESE PRESTEERDERS WORD GETRAKTEER

- me. M du Toit

Die Top 10-leerders in elke graad word jaarliks genooi om saam met die akademiese personeel in die personeelkamer tee te drink.  In 2020 en 2021 kon hierdie geleentheid vanweë die Covid 19-beperkings nie plaasvind nie. Vanjaar het ons die tradisie laat herleef en 50 baie opgewonde leerders getrakteer op eetgoed en iets te drinke saam met die onderwysers.

Die doel is om van die personeel se kant af die akademiese presteerders geluk te wens, vir hulle te wys dat ons trots is op hulle harde werk en hulle aan te moedig om akademie steeds 'n prioriteit te maak.









# NUWE LEERDERLEIERS VIR 2023 WORD BEKEND GEMAAK

- me. E. Verster

Hoërskool Strand maak met trots die name van die nuwe VRL en AR-lede bekend.

## GRAAD 12 ARENDERAAD (MATRIEKRAAD)



Agter: Wade Viljoen, JD le Roux, Christian Gerber, Christian de Jager, Johann van Deventer, Abigail Durand, Ashanté de Wit, André de Villiers en Hanro Bezuidenhout.
Derde ry: Carli van der Westhuizen, Fabio September, Candice Dalton, Jeanél de Klerk, Juané Kok, Mieke van Rooyen, Karla van Jaarsveld en Dominique la Cock.
Tweede ry: Heinrich Rossouw, Kaylee Fourie, Lize Roux, Tyra-Leigh Badenhorst, Danielle Meyer, Luka Ahlers, Beanca van Nieuwholtz en Shakeerah Januarie.
Voor: Anika Links, Josua Bezuidenhout, Amber van der Westhuizen, Amelia Lewies en Caro Louw.

## GRAAD 11 VERTEENWOORDIGENDE LEERDERRAADRAAD



Agter: Benneline Kruger, Franko Stevens en Corné Verster.
Voor: Marconette Els, Anya Lötze, Sián Snyman en Dornel Fortuin.

## GRAAD 10 VERTEENWOORDIGENDE LEERDERRAAD



Armand Lewies, Bernard van Staden en Marquin Smith.

## GRAAD 9 VERTEENWOORDIGENDE LEERDERRAAD



Francois Pietersen, Cloete de Jager en Timothy van den Bergh.

# HOËRSKOOL STRAND LEERDERS WEN MEDALJES BY ESKOM-EKSPO

Michelle Pretorius en Armand Smit, in graad 12, het op 4 Augustus aan die ESKOM-ekspo vir Jong Wetenskaplikes se Stellenbosch-streeksafdeling deelgeneem. Beide leerders het 'n silwer medalje vir hul projek "Fuel Efficiency" ontvang.

Nadine Pretorius en Hanré Coetzee het by dieselfde ekspo ’n goue medalje vir hul projek, "UV, Lupus and a little bit of Sunshine" ontvang. Hierdie twee gr. 9-leerders het ook die prys vir die beste junior projek in die afdeling Biomediese en Mediese Wetenskappe gewen.

Hoërskool Strand is trots op hierdie ontluikende jong wetenskaplikes.







MSCT BEE SERVICES
Making Significant Changes Together

MSCT BEE Services is 100% Black Women Owned as well as a Level 1 B-BBEE contributor.

Our services include:
Accredited B-BBEE Verifications
B-BBEE Training and Awareness
Ownership Verification Services

Contact us for an obligation free quote today!
www.msctbee.com
email: bbbee@msctbee.co.za
T +27 (0)21 852 5646
F +27 (0)86 600 4965

# DIE EINDE VAN JUFFROU JULIANA LOUW SE ONDERWYSREIS

– Ashanté de Wit



Na 'n volle nege jaar van skoolhou, het Hoërskool Strand op 31 Augustus 2022 'n geliefde onderwyseres, juffrou Juliana Louw, gegroet. 'n Onderwyseres wie se deur en hart altyd wyd oopgestaan vir die leerders.

Juffrou Louw, is in George gebore en getoë. Met 'n BCom-graad in Bestuurswetenskappe en 'n onderwysdiploma aan die Universiteit van Stellenbosch begin sy in 2014 by Hoërskool Strand skoolhou. Alhoewel sy vroeër eerder in die korporatiewe wêreld wou inbeweeg en die onderwys as 'n veilige rugsteunplan beskou het, het sy tog 'n volle nege jaar in die onderwys vasgebyt voordat sy 'n projekbestuurspos by 'n nieregeringsorganisasie aanvaar het.

So stil soos juffrou Louw voorkom, kan sy twee indrukwekkende prestasies op haar CV plaas, naamlik dat sy haar skipperlisensie het en ook 'n marathon gehardloop het. Soos baie ander onderwysers, het haar werksdag nie geëindig wanneer die skoolklok lui nie en was haar pligte nie tot die oordra van boekekennis beperk nie. Sy was ook betrokke by hokkie, die Roeselare-uitruilprogram en die AR en VRL

Juffrou Louw vind veral die ontgroeningsweek van die kuikens 'n unieke geleentheid en is van mening dat die voortsit van tradisies iets is wat uitstaan by Hoërskool Strand.

Juffrou Louw se advies aan enige nuwe onderwysbloed aan Hoërskool Strand is om altyd konsekwent te wees, vir ten minste die eerste ses maande formeel te bly, nie te streng en ook nie te vriendelik te wees nie.

Juffrou was 'n rolmodel en opvoeder in elke sin van die woord en gaan voorwaar gemis word in Hoërskool Strand. Ons wens Juffrou net sukses en voorspoed toe met die nuwe fase in Juffrou se loopbaan.

Juffrou Julliana Louw laat ons met die volgende kort, maar kragtige woorde: "Glo in jouself!"

CMS
CONSULTRIGHT MANAGEMENT SERVICES

Let us help you to create sustainable transactions which transcend B-BBEE compliance

OUR SERVICES INCLUDE:

B-BBEE Consulting & Advisory
Ownership Transactions
Training & Workshops

+27 (0)21 913 6284
info@consultr.co.za
newconsultr.co.za

Contact us for an obligation free quote today!

# TI AMO REIK UIT

- me. S. van Rensburg

Hierdie afgelope kwartaal het die kinders van " Ons Plek", Helpende Hand, net dieper in ons harte ingekruip. Ons weeklikse besoek op Donderdae is nie net vir ons leerders nie, maar ook vir die kinders by die Nasorg-sentrum 'n hoogtepunt. Gelukkig is dit nie net werk nie, maar ook 'n bietjie plesier. Die afgelope paar Donderdae het ons kreatief geraak met inkleur- en plakwerk. Met lente in die lug het ons pragtige paierblomme gemaak.

Dit was ook ons laaste uitreik saam met die matrieks van 2022. Dankie aan Kira Potgieter en Stephany Vermeulen vir hulle harde werk. Dit is ook met met hartseer wat ons van Brendan Coetzee afskeid neem. Hy was een van ons mees lojale lede. Ons en die kinders by "Ons Plek" gaan hom baie mis.













# KULTUUR IS IN ONS BLOED

## EISTEDDFOD: WOORDKUNS

– me. L. Badenhorst

Leerders wat vanjaar aan die Stellenbosch eisteddfod deelgeneem het, moes ongelukkig weer met aanlyn optredes worstel. Ten spyte van die gebrek aan 'n waarderende gehoor en direkte kontak met die beoordelaars, het die Arende hulle goed van hul taak gekwyt:





| | | | |
|---|---|---|---|
| Ruché Beukes | Graad 9 | Poësie | Cum Laude |
| Nadine Pretorius | Graad 9 | Prosa | Cum Laude |
| | Graad 9 | Poësie | Goud |
| | Graad 9 | Monoloog | Silwer |
| Marzell Schreiber | Graad 11 | Poësie | Goud Plus |
| Karla van Jaarsveld | Graad 11 | Poësie | Goud |
| Karla en Marzell | Graad 11 | Dialoog | Silwer Plus |
| Vincent Kruger | Graad 12 | Poësie | Silwer |
| | | Monoloog | Silwer |
| Clint Williams | Graad 12 | Poetry | Cum Laude |
| | Graad 12 | Poësie | Cum Laude |
| | Graad 12 | Monoloog | Goud |



Na afloop van die eisteddfod is Clint Williams met 'n handvol spesiale toekennings vir sy uitsonderlike vaardighede as woordkunstenaar beloon:

- Stellenbosch Eisteddfod-medalje vir Beste Drama Deelnemer: Graad 12
- H du Toitbeker vir Beste Hoërskool seun in Drama
- Andreas van Wyk-beker vir beste senior deelnemer in die Dramatiese Kunste

Wat 'n ongelooflike manier om sy hoërskoolloopbaan en vyf jaar se ononderbroke deelname aan eisteddfods te vier.

Die Helderberg eisteddfod het ook weer vanjaar hervat. Leerders kon hierdie keer voor 'n gehoor en die beoordelaars wys waartoe hulle in staat is. Ons maak graag die volgende uitslae bekend:





| | | | |
|---|---|---|---|
| Ruché Beukes | Graad 9 | Poësie | Goud |
| Nadine Pretorius | Graad 9 | Poësie | Goud |
| Suri-su Mathews | Graad 9 | Monoloog | Silwer Plus |
| | | Poësie | Goud |
| Michael Ruzvidzo | Graad 9 | Poësie | Cum Laude |
| Keaton Dupper | Graad 11 | Monologue | Cum Laude |
| | | Poetry | Cum Laude |
| Karla van Jaarsveld | Graad 11 | Poësie | Cum Laude |
| Marzell Schreiber | Graad 11 | Redenaars | Silwer |
| Karla en Marzell | Graad 11 | Dialoog | Goud Plus |
| Vincent Kruger | Graad 12 | Monoloog | Goud Plus |
| | | Monologue | Cum Laude |
| Clint Williams | Graad 12 | Gedramatiseerde prosa | Cum Laude |
| | | Monoloog | Goud Plus |
| | | Poësie | Cum Laude |
| | | Poetry | Cum Laude |





# KULTUUR IS IN ONS BLOED


## EISTEDDFOD: VISUELE KUNS

- me. J. Engelbrecht

Deelname aan vanjaar se Stellenbosch eisteddfod het vir uitsonderlike prestasies gesorg:

Madi Visser (graad 9) het 'n Cum Laude vir haar kunswerk verwerf, terwyl beide Amorette Durand (graad 10) en Amber Stobbs (graad 10) Cum Laudes vir hul inskrywings in die fotografie-afdeling behaal het.

Om bogenoemde puik uitslae te kroon is Amorette Durand na afloop van die eisteddfod met 'n spesiale toekenning beloon. Sy het die Stellenbosch Eisteddfod-medalje vir Visuele Kuns (Fotografie Gr. 10-11) ontvang.













CALVINIA
VLEIS MEAT
Hantam Lam

# KULTUUR IS IN ONS BLOED

## EISTEDDFOD: VISUELE KUNS

- me. J. Engelbrecht en me. E. Groenewald

Die tien inskrywings vir die Helderberg eisteddfod het vir baie goeie uitslae gesorg. Sonike du Toit (graad 8) het die Helderberg Eisteddfod-prestasieprys vir die Beste werk in graad 8 vir haar onafhanklike inskrywing (nie klaswerk nie) ontvang. Hiervoor het sy ook Cum Laude verdien. Leanne Langeveldt (graad 10) en Mari de Kock (graad 10) het ook Cum Laudes vir hul gemengde media-klaswerk ontvang. Die ander inskrywings het 1 Goud Plus, 1 Goud, 4 Silwer en 1 Brons ontvang.















DE JAGERS
Sedert 1955
Jou eenstop mode & skooldrag voorsiener.

# KULTUUR IS IN ONS BLOED


## EISTEDDFOD: MUSIEK

- me. W. Joubert-Dunbar




Die volgende leerders het aan die Helderberg eistedfodd deelgeneem en die volgende prestasies behaal:

Vincent Kruger het Silwer Plus en Goud vir sy twee sangitems behaal.
Saskia McDilling het Goud en Goud Plus vir haar twee sangitems verwerf.
Armin du Plessis het een Cum Laude en 2 Goud Plus-toekennings vir klavier ontvang.
Reuben Alberts het Goud en Goud Plus vir blokfluit ontvang.



## HOËRSKOOL STRAND LEERDER BEHAAL UITSONDERLIKE PRESTASIE

Amber Philips, in graad 12, het onlangs 'n Graad 7-"Trinity Rock and Pop"-sangeksamen afgelê. Sy het 'n allemintige 97% behaal. Voorwaar 'n uitsonderlike prestasie.



## TALENTVOLLE LEERDER BEÏNDRUK WEER TYDENS TALENTKOMPETISIE

Saskia McDilling het op 6 Augustus aan die Gemini-musiekskool talentkompetisie deelgeneem. Sy het twee brons medaljes verower.

# TONEELSPANNE LEWER PUIK SPEL

## SOUTH AFRICAN SHAKESPEARE SCHOOLS' FESTIVAL 2022 – BAXTER THEATRE

- me. M. van Wyk

Op Vrydag 19 Augustus 2022 het 'n uitbundige Shakespeare-toneelspan die bekende Baxter-teater besoek. Na baie ure se oefen en werkswinkels was hulle gereed vir hul vertoning van William Shakespeare se "Twelfth Night". Nie minder nie as 22 leerders, van akteurs tot beligting- en klanktegnici asook 'n grimeerspan het aan die toneelfees deelgeneem. Met hul aankoms het die leerders eers kans gekry om die beligting en klank onder die wakende oog van die baie bekwame Baxter-tegnici op te stel. Hierna het 'n finale kleedrepetisie gevolg voor die amptelike vertoning om 19:00.

Ouers en ondersteuners het heerlik gelag en saam gesing met die vertoning. Die vier matrieks, Megan Hughes, Daniël Hendriks, Lien Hoogenboezem and Jhann Stander, in die hoofrolle, het uitsonderlike spel gelewer – natuurlik met die ondersteuning van Hoërskool Strand se uiters lewenslustige jonger akteurs. Wat 'n belewenis!









# TONEELSPANNE LEWER PUIK SPEL

## SLAGVELD SIRKUS BEÏNDRUK TYDENS ATKV-STREEKSFEES

- me. W. Theart

Op 23 Augustus het 15 Hoërskool Strand leerders aan die Wes-Kaapse ATKV-streeksfees deelgeneem. 21 produksies het vir die streeksfees ingeskryf. Jacques Bessenger en Ludwig Binge het as beoordelaars en mentors opgetree.

In Jacques Bessenger se eie woorde: *"I really enjoyed your show like I truly laughed out of my stomach at times en dis omdat julle sulke great comedy actors is. Dis vir my so inspiring to see such great talent on stage."*

Ludwig Binge was ewe vrygewig met sy terugvoer: *"Dit was en dit is 'n compliment, dit was delightfully… dit was wack. Dit het soos 'n Monty Python movie gevoel. Wat my die meeste beïndruk het, is dat jy hoërskooliteners kon kry om daai styl te verstaan. They get irony en dis nogals raar vir untrained performers, maar jy het regtig 'n naturally sterk gifted groepie met ongelooflike comedic timing."*

Die toneelspan is met die volgende toekennings vir hul harde werk beloon:

| | |
|---|---|
| Clint Williams: | Brons vir toneelspel |
| Lee-Ann Taljaard en Armin du Plessis: | Silwer vir toneelspel |
| Danelie Pienaar: | Silwer vir verhoogbestuur |
| Me. W. Theart: | Silwer vir regie |
| Pierre van Schalkwyk: | Silwer vir die draaiboek |
| Anne Swart en Vincent Kruger: | Goud vir toneelspel |
| Clint Williams, Miche Young, Vincent Kruger, Anne Swart, Armin du Plessis, Lee-Ann Taljaard en Nathan Nel: | Goud vir ensemble-spel |




Die "padwerkers", Danelie Pienaar, Micheal Heyns, Franko Stevens, Rohan Bezuidenhout, Cloete de Jager en Kaitlin Hughes het eers drie weke voor die optrede by die toneelspan aangesluit. Hulle was dus ook deel van die Ensemble-span.

Alhoewel die span nie tot die finale ronde deurgedring het nie, is die verhoog-bestuurder, Danelie Pienaar, die ensemble-span asook Anne Swart en Vincent Kruger vir toekennings genomineer. Vincent Kruger het egter tydens die prysuitdeling met die louere weggestap toe hy as die Beste Akteur in 'n ondersteunende rol aangewys is.

Hierdie Arende het gewys dat talent wat deur goeie dissipline en hardwerkendheid ondersteun word, tot prestasie lei. Hoërskool Strand is trots op sy senior toneelspan.







## DANSER MET VLYTIGE VOETE!



Christo Thiart, in graad 10, het weer aan verskeie danskompetisies deelgeneem en puik presteer. Hy het vier goue medaljes by die "Battle of the Giants"-danskompetisie in Sun City losgedans. Asof dit nie genoeg is nie, het hy ook een brons en drie goue medaljes by die "South African Body of Dance"-kompetisie in Kaapstad en een goue medalje by Time-danskompetisie in Kaapstad ingepalm.

Hoërskool Strand hou hierdie talentvolle danser met Arendsoë dop.

# TONEELSPANNE LEWER PUIK SPEL

## JUNIOR TONEELSPAN PRIKKEL DIE LAGSPIERE

– me. E. Lightfoot en me. M. Lourens

Die Junior Toneelspan het vanjaar die komedie, *Asjas*, tydens die Toneelaand opgevoer. *Asjas* is losweg gebaseer op Aspoestertjie, maar natuurlik met 'n paar hedendaagse kwinkslae tussenin.

Na 'n stilte van twee jaar op die verhoog, was hierdie geleentheid vir baie van die toneelspelers 'n eerste ervaring. Daar is baie ure aan voorbereiding afgestaan, maar daar was natuurlik ook baie pret op en van die verhoog.

Die rolverdeling en tegniese span was as volg:



| | | |
|---|---|---|
| "Asjas" | - | Kayleigh van der Meer |
| "Stiefma" | - | Anika van der Walt |
| "Anna" | - | Timothy van der Berg |
| "Delia" | - | Laroche Weyer |
| "Hettie" | - | Marco Steenkamp |
| "Hasie" | - | Schalk Beukes |
| "Koning" | - | Marquin Smith |
| "Prins" | - | Joshua Lourens |
| "Cyrill" | - | Francois Pietersen |
| "Hannon" | - | Amor Oosthuizen |
| "Regisseur" | - | Nicole Erasmus |
| Verhoogbestuurder | - | Mia Myburgh |
| Klank | - | Heinrich Rossouw en Johan van Deventer |



Die Toneelaand was 'n wonderlike ervaring vir oud en jonk, met 'n propvol saal en 'n meelewende gehoor wat met tye geskater het van die lag.





## WEES OP DIE UITKYK VIR ONS NUWE FILMSTER



Millan Olivier, in graad 8, is gekies om in 'n kortfilm vir KykNet te speel. Hy het reeds twee werkswinkels bygewoon en die kortfilm sal in Oktober verfilm word.

## JONG KUNSTENAAR SE KUNSWERK BY IRMA STERN-UITSTALLING TE SIEN

– me. E. Groenewald

Mieke van Rooyen, in graad 11, se kunswerk "Pomona" (oliepastel op Fabriano-papier) is gekies om saam met uitgesoekte werke van ander graad 11-leerders van regoor die Wes-Kaap by die Universiteit van Kaapstad se Irma Stern Museum uitgestal te word.



Mieke het inspirasie geput uit die werk van die welbekende Suid-Afrikaanse kunstenaar, Irma Stern, wat 'n baanbreker vir vrouekunstenaars in Suid-Afrika gedurende die vroeë 1900's was toe sy weggebreek het van die tradisionele naturalistiese styl na 'n meer ekspressiewe uitdrukking van haar omgewing en mense.

Met hierdie werk getiteld "Pomona" (Romeinse godin van vrugtebome) vier Mieke die belangrike rol van vroue in ons multikulturele Suid-Afrika deur helder ekspres-sionistiese kleure en gestilleerde vorms. Hoërskool Strand is baie trots op Mieke met hierdie besonderse prestasie.

Die uitstalling sal vanaf 14 tot 30 September oop wees vir die publiek. Besoek gerus die UK Irma Stern Museum, Cecilweg 21, Rosebank, Kaapstad.

# SPORTNUUS

In die aanloop tot die jaarlikse winterinterskole teen Hoërskool Parel Vallei het die Arende gees gebou deur die herlewing van die tradisionele FUNKY-week. Leerders het, onder andere, met FUNKY-hoede, FUNKY-sokkies, FUNKY-brille en FUNKY-voorskote skool toe gekom. Aan kreatiwiteit het daar geensins ontbreek nie!

















# SPORTNUUS

## WINTERINTERSKOLE: HOËRSKOOL STRAND VS. HOËRSKOOL PAREL VALLEI

Op Saterdag, 20 Augustus, het Hoërskool Strand die winterseisoen met 'n sportdag teen Hoërskool Parel Vallei afgesluit.

Gemengde welslae in netbal en hokkie kon egter nie die Arende se geesdrif demp nie, want op die rugbyveld het byna al die A-spanne se wedstryde tot oorwinnings gelei. Die o.19A-rugbyspan het in 'n titaniese modderbadstryd gelykop gespeel.

Hoërskool Strand sien uit na die 2023-seisoen wanneer die Arende net nog hoër gaan vlieg.











## MUURBALNUUS

- me. H. Terblanche

Hoërskool Strand het 'n baie geslaagde muurbalseisoen met vriendskaplike wedstydstryde teen Hoër Landbouskool Oakdale afgesluit. Veertien van ons o.19- en o.15 seuns- en dogterspelers het teen die manne van Oakdale kragte gemeet. Ons het slegs drie van die veertien wedstryde verloor.

Hoërskool Strand is opreg dankbaar vir elke speler wat van hierdie seisoen so 'n sukses gemaak het!





# SPORTNUUS

## HOKKIE-ORGANISEERDER BLINK UIT



Hoërskool Strand se hokkie-organiseerder is nie net 'n uitblinker met 'n hokkiestok in die hand nie. Sy is ook 'n uitblinker met 'n fluitjie in die hand.

Me. Leani van der Merwe is gekies om vanaf 28 Augustus tot 3 September by die Senior Interprovinsiale Toernooi in Pretoria as skeidsregter op te tree. Daarna gaan sy ook in Kaapstad by die Wêreldbeker Meesterstoernooi as skeidsregter optree.

Nie net 'n hokkie-afrigter en -speler van formaat nie, maar ook 'n skeidsregter van formaat!

- me. A. Louw

# BUITESPORTNUUS

## JONG AREND VERWERF WP-KLEURE IN LIGGAAMSBOU



Roland Swanepoel, in graad 9, het op Saterdag, 20 Augustus, sy WP-kleure in liggaamsbou ontvang nadat hy aan die WP Natural Body Building Championship deelgeneem het. Hy het die eerste plek in die o.15-afdeling behaal en is in die span wat op 1 Oktober in Parow aan die Nasionale kampioenskap gaan deelneem, opgeneem.
Welgedaan, Roland!

## ALEX HÖN PRESTEER IN SKOPBOKS





Alex Hön het vanaf 24-29 Augustus ons land in die WAKO AFRICAN CONTINENTAL CHAMPIONSHIPS in Benoni verteenwoordig, 'n kampioenskap waarin verskeie lande verteenwoordig is. Die prestasies wat hy behaal het, is dus besonder indrukwekkend. Alex het goud gekry in die "continues"-afdeling vir onder 84 kg (junior) en dan ook silwer in die "points"-afdeling vir onder 84kg (junior).

Hoërskool Strand is besonder trots op hierdie Arend wat sy Arendvlerke met trots sprei.







URBAN CRUISER
ROLA
TOYOTA
URBAN CRUISER
Included:
4yr / 60 000 km Service plan
6yr / unlimited km Warranty
Go find your fun
16" Alloy wheels
Dynamic Styling
Cooler box
URBAN CRUISER
URBAN CRUISER
ROLA TOYOTA
021 841 8600 | rolatoyota.co.za
276 Main Road, Strand